## 15 Maart Genesis 49:16-18

### *Deur bekommernisse heen tot vrede*

Op sy sterfbed het Jakob se seun Dan hom aan 'n slang laat dink. Hy sien Dan as 'n hakskeenbyter. Dit is beslis nie vleiend nie. Dit lei daartoe dat, toe Jakob klaar oor Dan gepraat het, hy sê: Ek wag dat U red, Here. Net die Here kan help in sy diepste bekommernis oor sy seun. In hierdie seun van hom het Jakob ook sy eie lewe kon sien. Hy kon homself ook sien as 'n hakskeenbyter. Sy eie naam beteken: Bedrieër. Hy het mos vir Esau omgekoop met lensiesop om die eersgeboortereg te verkry (Gen. 25:29). Hy het sy eie pa, Isak, bedrieg met 'n bokkievel oor sy arms en om sy nek (Gen. 27:16). Hy het homself by Laban verryk deur stokkies in die drinkwater van die kleinvee te sit en te reël dat hy die sterkste kleinvee kry (Gen. 30:37-43). Jakob besef: Alleen die genade van die Here kan hom red. Hy kon wel die besef van vrede hê dat die Here red. Daarvan het hy gepraat toe hy Juda geseën het (Gen. 49:10). Uiteindelik ontbreek die naam van Dan simbolies in die stamname in Op 7:4-8 om aan te dui dat God alleen jou red. Alleen in Christus is daar redding vir Dan en vir Jakob - vir jou. Wat gaan jy oor jou self dink op jou sterfbed? Weet dan dat jy vrede sal kan vind omdat jy weet dat jy deur die genade van God gered word en beslis nie omdat jy sonder sonde sou kon wees nie.

Sing: Psalm 107:1 Dr. A.G.S. Venter (Randburg-Oos)